Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #26 23 Augustus 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Ek kniel sodat julle deur die Heilige Gees innerlik sterk sal word

Sing: Sb 15-1:1,2
Sing: Ps 92-1: 1, 2, 6
Sing: Ps 48-2: 3 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: Galasiërs 5:1, 13-26
Sing: Sb 8-1:1, 2
Skriflesing: Efesiërs 3:14-21 **Teks:** Efesiërs 3:16
Sing: Lied 292:1, 2
Sing: Ps 105-1:5
Sing: Lied 200:1-3

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: I kneel so that you may be strengthened with power through his SPIRIT in you inner being
Scripture reading: Ephesians 3:14-21 **Key verse:** Ephesians 3:16

18:00 Aanddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Dat ek die Heilige Gees kan bedroef!

Sing: Sb 15-1:2
Sing: Sb 1-1:1,7
Sing: Lied 434:1,2,3
Skriflesing: Efesiërs 1:13,14 en 4:17-32 **Teks:** Efesiërs 4:30
Sing: Sb 8-3:1
Sing: Sb 20-2:1,3,4,6,7

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Mias Smit & Ruan Steyn	Diaken: Wiida Bisschoff

Verjaarsdae

Vandag, 23 Augustus
Marlene Viljoen 082-413-9376

Maandag, 24 Augustus
Folkert van Dijk 95 079-753-0139

Dinsdag, 25 Augustus
Lambert van Tonder 1 084-555-0377

Woensdag, 26 Augustus
Johan Reinecke 078-893-8903
Estiaan Steyn 082-708-5226

Vrydag, 28 Augustus
Leah Matthee 3 082-459-1313

Saterdag, 29 Augustus
Tina Coetzee 082-899-3247
Daleen Grobler 082-440-7260
Francois Lion-Cachet 21 083-950-0122
Miekie van der Walt 082-331-9218

Kom ons help mekaar

Ons sê baie dat ons graag mense wil help maar net nie weet hoe nie. Dalk het jy een van die volgende items wat jy nie meer gebruik nie, en aan een van ons behoeftige lidmate kan skenk:

- Klere vir babadogtertjie (6-12 maande)
- Tweedehandse fiets
- Tweedehandse selfoon

Skakel met die kerkkantoor vir navrae.

Meelewing

Natie Klopper (083-350-6300) bely vanoggend sy geloof. Ons verwelkom hom en **Zeruja** vanoggend in die gemeente. Ons is ook saam met hulle dankbaar dat die doop vandag aan hulle seuntjie, **David**, bedien word.

Bertus Herbst (082-965-7525) was die week in die hospitaal waar hy vir infeksie behandel is. Ons is bly dat hy by die huis is en dat dit beter gaan.

Sunette Janse van Rensburg (084-513-8231) het 'n rugoperasie ondergaan. Ons is dankbaar dat dit goed verloop het. Sy is in Klerksdorp in die hospitaal en ons bid vir vinnige herstel.

Baie geluk aan **Christoff Muller** (076-037-0058) wat as hoofleier van Gimmies verkies is. Saam met hom ook geluk aan **Herman de Jong** (083-570-1573) as onderhoofleier en **Theo Jooste** en **Annien Muller** (072-580-3571) wat op die Gimmieraad is. **Dirk Laufs** is op die Koshuisraad. **Martiens Venter** is op Ferdies se Verteenwoordigende Leerlingraad verkies. Ons is trots op julle en wens julle die seën van die Here toe met die verantwoordelikheid.

Ons gemeente is dankbaar dat die Studenteraadsvoorsitter weer uit ons gemeente verkies is. Geluk aan **Paul Maritz** (083-714-1637). Ons weet die jaar gaan baie uitdagings hê met die veranderinge op die Puk. Dankie dat jy bereid is om in te klim en jou gawes tot diens van die koninkryk aan te wend.

Tannie **Hattie Martins** se troosdiens vind in die week in Volksrust plaas, waar sy 'n groot deel van haar lewe gewoon het en haar man ook begrawe is. Op Maandag 31 Augustus word daar om 09:00 by Groen Wilgers 'n troosdiens gehou vir familie en vriende in Potchefstroom.

Wat beteken die kanselkleed?

GEBROKE KRUIS
God het self die Mosterdsaad van ons geloof geplant
Dit het vrugbaar onkiem op Golgota
'n Boom is versigtig uitgesoek en afgekap
gekap en gekap in 'n "Hemelse"-kruis
Christus is deur "ons" veroordeel en gevonnis
Hy het die Kruis op Hom gedra
'n Rots is deur vuur gelouter totdat staal uitvloei
Op die aambeeld is spykers geplet
Met hamerhoue wat uitkring oor die heelal
Deur murg en been tot in die houtkruis
'n Doringkroon is wreed spottend op Sy hoof gesit
wat pynlik ingedring het
Maar tog is Hy ons Koning
Sy bloed het gevloei tot verlossing van ons sonde
Tot die vier verste uithoeke van die wêreld
Die vloek van die kruis is vergoed verbreek
EN...die klip is voor die doderyk weggerol
Hy het waarlik opgestaan en opgevaar
En ons graf-toe-sonde is verewig vergewe.
Nardus Conradie

Wil jy die Lantern elektronies ontvang? Stuur 'n e-pos aan gkbult@gmail.com

Teeskinkbeurte

23 Augustus
Wyk 31
(Elsa Reinecke - 0834580384)
Wyk 33
(Wilma Herbst - 0829657525)

30 Augustus
Wyk 38
(Celia Kruger - 0741803449)
KG 1
(Anna Fick - 0736823751)

6 September
Wyk 1
(Petro vd Vyver - 0761917867)
KG 2
(Adelle Lotter - 0832863811)

Baie dankie!

Preekbegeleiding vir gr.1-3 kinders

Baie dankie vir die diensgroep wat elke week die preke vir ons gr.1-3 kinders vertaal, sodat hulle ook kan deel in die woordverkondiging. Ons wil graag vra dat ons ouers ons op drie maniere sal ondersteun in hierdie dienswerk:

- Gesels met julle kinders oor wat hulle geleer het tydens die preekbegeleiding.
- Gee asb vir ons terugvoer oor hoe julle kinders die preekbegeleiding beleef – ons is altyd oop vir voorstelle oor hoe ons hierdie bediening kan verbeter.
- Help asb die diensgroep deur nie ouer kinders na die preekbegeleiding te stuur nie: ons wil graag fokus op die verstaansvlak van gr.1-3 kinders.

GEE-WEEK TYDENS AARDKLOP

Datum: 7 – 10 Oktober

G5 beplan 'n Gee-week gedurende Aardklop. Dit is 'n uitreikaksie hier in Potch waar ons gedurende die week as studente ons roeping op en oor die Bult gaan uitleef. Dit is terselfdetyd 'n geleentheid om Aardklop te geniet en lekker saam te kuier as studente. Indien jy belangstel om die week saam met ons te beleef skryf jou naam op die vorm in die voorportaal. Hou ook G5 se Facebook 'page' dop vir meer inligting wat binnekort deurgegee sal word.

Liturgiese Werkgroep

Die belewing van die gemeenskap deur ons lidmate saam in, van en buite die erediens vereis dat ons op 'n gereelde grondslag oor alle aspekte hiervan sal besin. Hiervoor het ons die ondersteuning van al ons lidmate nodig en die Liturgiese Werkgroep is 'n forum hiervoor.

Daarom word alle lidmate uitgenooi om hulle belewenis te deel op enigeen of almal van die volgende maniere:

- Kom word deel van die Liturgiese Werkgroep wat sowat drie keer per jaar ontmoet by die Kerksaal van 19:00 tot 20:30 en die volgende ontmoeting is op 31 Augustus 2015.
- Kom neem deel aan die gesprek van die Liturgiese Werkgroep.
- Die Liturgiese Werkgroep sal ook graag wil hoor van julle ervarings, behoeftes en bydraes om die belewenis van die erediens op Sondae die belewenis van die erediens van ons lewens te maak.

Skakel met die kerkkantoor of Lou van Wyk (084-520-1086).

Baie dankie

Wat 'n groot voorreg om deel te wees van die geloofsgemeenskap van die Bult gemeente. Hiermee dan ook my opregte dankie aan U almal wat my en my gesin bemoedig het met woorde, dade en gebare.

Baie dankie aan Ds. Fanie vir lank gelede, vir nou en vir altyd.

Ek leef egter met die bemoediging van Jesaja 40:31 in my hart.

"Maar die wat op die Here vertrou,
kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke,
hulle hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie afgemat nie."

Tina Coetzee

Welkom hier!

Gerhard, Gerda, Dirk, Coetzer en Helene Laufs
083-234-6569

Natie, Zeruja en David Klopper
083-350-6300

Carla Muller
082-040-1715

Wil jy ook by ons gemeente inskakel? Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Voorbidding Suid-Soedan

Broeders en susters in die Here.

Ek neem die vrymoedigheid om namens die **deputate vir ekumeniese sake** die verslegtende toestand van ons medegelowiges in Suid-Soedan onder u aandag te bring. Die burgeroorlog daar stuur op 'n groter wordende ramp af wat derduisende mense haweloos en sonder kos laat.

Ek het van ds. Patrick Jok van die *Sudanese Reformed Churches*, met wie ons ekumeniese eenheid het, die volgende verneem: ***"The humanitarian situation of our members as well as of the country is growing bad. We have been hoping that peace would come, but the indicators are showing the opposite. We need your prayers."***

Baie van die lidmate woon tans in VN vlugtelingkampe onder haglike omstandighede. Die finansiële hulp wat ons verlede jaar kon verleen, het 'n verskil gemaak, maar is lankal uitgeput.

Ons vra vir u ernstige voorbidding!

Malan van Rhyn (VDM)

INTERDOPPERKAMP
Eenheid

Senior Studente en Jong Werkendes welkom
28 - 30 Augustus • Nooitgedacht • R320
Navrae: Koos Henning 079 913 6466 of
jubilacachet@gmail.com

Borg~'n~Bybel

Ons het elke jaar 'n Borg-'n-Bybel projek wat in die derde kwartaal plaasvind. 'n Bybel kos R50, maar enige donasies is welkom – koeverte is by die deure beskikbaar. Plaas dit asseblief in die bruin blikke by die deure. Hierdie donasies vervang die gewone Bybelverspreiding-kollektes wat gewoonlik gehou word.

Ons soek 'n Kleingroep wat hierdie projek kan bestuur. Kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.

Bult Student Getaway

- **When**: Friday 18th Sept – Sunday 20th Sept
- **Where**: Tierfontein in the Vredefort Dome
- **Who**: Any student
- **Cost**: R70pp (Transport included)
- **Bring**: Duvet/Sleeping bag & pillow, Towel, Toiletries, Bible, Notebook & Pen, Swimming clothes, Walking shoes and lots of energy!
- **RSVP:** gkbult@gmail.com / 079-525-2507

Liefdegawe volgende Sondag

Groen Wilgers is een van die huise vir bejaardes in ons gemeentes. Hulle hou 'n Lentetee vir bejaardes op 3 September asook 'n bederf Kersete in November om fondse in te samel.

Ons as gemeente wil hulle graag ondersteun deur 'n kollekte hiervoor af te staan. Die deurkollekte op Sondag 30 Augustus is hiervoor geoormerk.

Liefdegawes
by die deure

23 Augustus
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Meelewingsfonds
30 Augustus
Oggend: Groenwilgers
Aand: Meelewingsfonds
6 September
Oggend: Transoranje-Instituut
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Gou-gou! Dis jou laaste kans om jou resep vir die Resepteboek te gee. E-pos of bring sommer na die Kerkkantoor toe.

Vertaling Lantern

Ons Afrikaanse nuusbrief word elke week vertaal sodat ons Internasionale diens ook 'n nuusbrief kan hê. Ons kort egter nog 'n vertaler vir ons span van sewe.

Daar sal van jou verwag word om een keer elke sewende week vertaling te doen op 'n Donderdagmiddag / -aand, van om en by 700 woorde. Die kerkkantoor het dan die vertaling teen 08:00 op 'n Vrydagoggend nodig. Sien jy kans hiervoor? Kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

advertensies

Woonstel-Akkommodasie 2016

Ek is 'n Meestersgraad-student opsoek na woonstel-akkommodasie geskik vir een persoon die eerste semester van 2016. Ek is spesifiek opsoek na 'n plek nie verder as drie kilometer van kampus af nie. Prysklas tussen R2,000 en R3,000 per maand. Indien enigiemand inligting het, kontak asb vir Dieter de Lange by 072 323 1241 of dieterdel20@gmail.com
Baie dankie.

Woonstel te huur. Ruim en gerieflik (een slaapkamer + leefarea). Sentraal naby Girl's High. Lekker veilige en stil buurt. Dadelik beskikbaar. Veilige afdakparkering. Verkieslik senior student of jong werkende. Kom kyk graag. Kontak Manna Stander by 072 574 5356 of mannastander@gmail.com

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Lou van Wyk: 084-520-1086
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG